# Sondag, 22 Oktober 2023

**Skriflesing:** Openbaring 13

**Tema:** Die dier uit die see en aarde.

## Skriflesing

**Openbaring 13**

**Die dier uit die see**

[1]En toe het ek 'n dier uit die see uit sien kom met tien horings en sewe koppe. Op sy horings was daar tien heerserskrone en op sy koppe godslasterlike name. [2]Die dier wat ek gesien het, het soos 'n luiperd gelyk. Sy pote was soos dié van 'n beer en sy bek soos dié van 'n leeu. Die draak het sy mag, sy troon en groot gesag aan hom gegee. [3]Dit het gelyk asof hy aan een van sy koppe dodelik gewond was, maar die dodelike wond het genees, en die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan geloop. [4]Die mense het die draak aanbid omdat dit hy is wat die gesag aan die dier gegee het. Hulle het ook die dier aanbid en gesê: “Wie kan met die dier vergelyk word? En wie kan teen hom oorlog voer?”

[5]Die dier is toegelaat om verskriklike dinge te sê en te laster en om twee en veertig maande lank gesag uit te oefen. [6]Hy het teen God begin laster, hy het God se Naam en sy woonplek en dié wat in die hemel bly, belaster. [7]Aan hom is daar ook mag gegee om teen die gelowiges oorlog te maak en hulle te oorwin; en daar is gesag aan hom gegee oor elke stam, volk, taal en nasie. [8]Al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die skepping van die wêreld af geskrywe staan in die boek van die lewe, die boek van die Lam wat geslag is nie.

[9]As iemand kan hoor, moet hy hierna luister!

[10]As iemand bestem is
vir gevangenskap, gaan hy in gevangenskap;
as iemand bestem is om met 'n swaard doodgemaak te word,
word hy met 'n swaard doodgemaak.
Hier het die gelowiges volharding en geloof nodig.

**Die dier uit die aarde**

[11]Toe het ek 'n ander dier gesien wat uit die aarde uit kom. Hy het twee horings gehad soos 'n lam s'n, maar hy het soos 'n draak gepraat. [12]Hy oefen al die gesag van die eerste dier namens hom uit.

Hy maak dat die aarde en die bewoners daarvan die eerste dier aanbid, dié een waarvan die
dodelike wond genees het. 13Hy doen groot tekens, sodat hy selfs vuur van die hemel af op die
aarde laat kom vir die mense om te sien. 14Aan hom is daar mag gegee om wondertekens
namens die dier te doen, waardeur hy die bewoners van die aarde mislei. Hy sê die bewoners van
die aarde ook aan om 'n beeld op te rig vir die dier wat die litteken van die slagmes het en wat
weer lewend geword het. 15Aan hom is daar ook mag gegee om asem in die dier se beeld te
blaas, sodat die beeld kan praat en almal kan laat doodmaak wat nie die beeld aanbid nie.
16Hy verplig al die mense, klein en groot, ryk en arm, vryes en slawe, om 'n merk op hulle
regterhand of op hulle voorkop te dra 17en laat niemand toe om te koop of te verkoop nie, behalwe
die mense wat die merk het. Die merk is die naam van die dier of die getal van sy naam.
18Hier is wysheid nodig. Wie verstand het, kan die getal van die dier ontsyfer, want dit is 'n mens
se getal. Sy getal is ses honderd ses en sestig.

***"...bevoorreg is hulle wat die woord van God hoor en dit onderhou." – Lukas 11:28***

## PREEK

**Broers en susters in onse Here Jesus Christus:**

Hoofstuk 13 is een van die dele in Openbaring wat die meeste bespreek word en ook mis verstaan word. Dis hier waar ons te doen het met die dier wat die 666 op die mense se voorkoppe en regterhande sit.

Maar kom ons verstaan hierdie hoofstuk soos wat Johannes dit neer geskryf het. Ons moet dit lees saam met hoofstuk 12. Onthou, dat in hoofstuk 12 het satan, as die draak, op die aarde verskyn. Hy is neer gegooi op die aarde, nadat hy Jesus, met Sy hemelvaart, probeer onttroon het en misluk het.

En nou het satan een ding gedoen en dit is lewens belangrik dat jy dit verstaan. Hy het vir homself twee handlangers gekry en daar word vir ons van hulle vertel hier in hoofstuk 13.

Die eerste een is ‘n dier wat uit die see uit opkom. Ons moet verstaan dat hierdie dier is die nabootser van Jesus Christus. En die ander dier, waarna ons netnou sal kyk, is die nabootser van die Heilige Gees. Satan is ‘n kulkunstenaar, soos Paulus ons in 2 Korintiërs 11 geleer het. Satan verander homself in ‘n engel van die lig. Satan is destruktief. Hy kan niks skep nie, maar hy sien

wat God doen toe hy daar in die hemel was en hy boots dit negatief na, antiteties. Hy het die drie-enige God gesien, die Vader, Seun en Heilige Gees, en nou skep hy 'n sataniese trio. Die draak, die dier uit die see en die dier uit die aarde of die vals profeet, soos hy ook genoem word.

Kom ons kyk 'n bietjie hoekom ons sê dat die eerste dier is die nabootser van Jesus Christus wat satan kry as 'n handlanger om hom te help.

Ons lees van hierdie dier uit Openbaring dat hy uit die see kom met 10 horings, 7 koppe en 10 heersers krone, 'deadema', in die Grieks. En dan het hy Godslasterlike name op sy kop. Onmiddellik weet ons hy boots Jesus na, want in Openbaring 19 sal ons sien dat die ruiter op die wit perd die naam van God op homself het. So die satan se eerste dier boots Jesus se name na. Hy het Godslasterlike name. Jesus, in Openbaring 19 het die naam op Hom geskryf, die allerheiligste naam, verseker die naam Jahwe, die Here van alle Here. Here van die leërskare.

En hierdie dier, vers 2, is soos 'n luiperd en sy voete soos 'n beer, wat herinner na Daniël se beeldspraak. En sy mond soos 'n leeu. En dan sien ons ook dat die draak gee sy mag en sy troon en sy outoriteit, 13:2, aan hierdie dier. Soos die Vader in Openbaring 5 die boekrol vir Jesus gee, om alle mag in die hemel en op aarde uit te oefen, net so gee die draak nou alle mag om sataniese mag uit te oefen, aan hierdie dier.

In vers 3 sien ons een van die koppe van die dier is gewond, maar dit het genees. Nou in die Grieks word dieselfde woord gebruik, hier, vir hierdie wond as vir die Lam wat geslag is. Dis 'n skokkende beeld. Die satan het gesien Jesus is die geslagte Lam, soos in Openbaring 5, waar Jesus in die hemel ingestap het as die geslagte Lam. Dis die taal wat Johannes vir Jesus gebruik, meer as 40 keer in Openbaring, dat Hy die Lam is. En nou kom die draak en hy vat hierdie dier en hy boots Jesus se wonde na. Hy maak asof hy ook 'n verlosser figuur is, maar dit is misleidend. Dis soos 1 Johannes 2 sê – die antichris kom uit die kerk as te ware of uit die godsdienstige kringe en mislei gelowiges deur 'n vals beeld van Jesus en hier sien ons dit in Openbaring. En die hele wêreld volg hierdie dier. Hy mislei die wêreld.

Die waarheid en leuen is baie naby aan mekaar. Jy moet nie dink satan kom na toe soos 'n draak met vuur uit sy neus en met 'n kaartjie wat lees dat hy gaan jou vir die volgende 30 sekondes versoek as Lucifer nie. Hy vermom hom soos 'n engel van die lig. Hier sien ons dit. En almal

aanbid die draak, vers 4, wat sy mag aan hierdie dier gegee het. En hierdie dier is geweldig magtig. En dis die eerste dier.

In vers 5 tot 7 sien ons ook dat die eerste dier geweldige mag uitoefen. Hy spreek goddelose woorde uit, hy vervloek Christus, hy Gods laster, soos in ons dag waar daar om elke hoek en draai met God gespot. In vers 6 beledig hy ook gelowiges. Hy mag oorlog maak teen gelowiges en ons selfs dood maak. Hierdie dier, net soos Christus, kom om mense se siele te wen. Hy het mag oor elke stam en volk en nasie, soos wat Christus mense vanuit elke stam en volk en nasie vir Homself koop.
Al mense waaraan hy niks kan maak nie, sê Openbaring in vers 13:8, is die mense wie se name geskryf staan die boek van die lewe van die Lam, waarvan mens later in Openbaring weer vind. Christus laat nie toe dat hierdie dier Sy mense se name uithaal nie. Hy kan ons dood maak, maar hy kan nie ons siele dood maak nie. hy is ‘n gevaarlike dier en daarom moet ons versigtig wees. Ons leef in ‘n wêreld waar ‘n sataniese mag los is.

Die tweede dier is net so omstrede. Hy is die dier wat uit die aarde uit opkom, vers 11. Net so sinister. Hy is die nabootser van die Heilige Gees. Twee horings soos ‘n ou lammetjie. Jy wil net so aan hom vryf. Maar as hy sy bek oopmaak dan praat hy die taal van die draak. Hy oefen namens die eerste dier, al sy mag uit. Soos wat die Heilige Gees Jesus verheerlik, kom hierdie tweede dier en hy kom verheerlik, in aanhalings tekens die eerste dier.

Hy maak dat die hele wêreld die eerste dier aanbied, soos die Heilige Gees die kerk lei om Christus te aanbid en dan het hierdie dier groot tekens en groot magte. Hy kan mense mislei, vers 14. Hy maak dat hulle die beeld van die dier aanbid. Dus, hy bring vals godsdiens. Alle vals godsdiens word deur hierdie tweede dier geïnisieer.

En dan doen hierdie dier ‘n baie verskriklike ding, vers 16. Hy verplig alle mense, klein en groot, slawe en rykes, armes, kinders, wie ook al, om ‘n merk te dra op hulle regterhand en hulle voorkop, die gevloekte 666 merk. Hieroor is daar baie misverstand. Luister nou net mooi voordat jy begin dink dat dit ‘n rekenaar skyfie of ‘n inplanting is. Daar staan, hy merk alle mense, klein en groot, ryke en arme. So, al bly jy in ‘n modder hut in Afrika waar jy nou nie die nuutste rekenaar tegnologie kan hê nie, hoor ons hy merk alle mense. Onthou Johannes gebruik beeldspraak. Waar kry hy hierdie beeld?

Hy gaan haal dit in die Ou Testament. Esegiël praat van ‘n merk op mense. Pasga, as jy gaan lees vanaf Eksodus 12, was ‘n merk op mense kop en hulle handpalm. Die eerste gebore kinders wat aan die Here gewy is was so gemerk op hulle voorkop en op hulle handpalm. Die wet van God, Deuteronomium 6, was soos ‘n merk op mense se kop. So satan weet dit. Dis is soos ‘n eienaars merk. Net soos Jesus in Openbaring 7 Sy mense op die voorkop merk, boots satan dit na. Hulle kan nie koop en verkoop nie, behalwe die wat die merk het.

Dan verduidelik Johannes, dit is ‘n mense getal, 666. Ons weet dat in die eerste eeu het keiser Nero, die eerste groot vervolger van Christene, in Rome, se naam in Hebreeus op 666 uitgewerk. Hy was waarskynlik die vergestalting van die eerste antichristelike mag. Ons weet ook dat sy kop was op geldstukke en ons weet ook dat Christene het geywer om te koop en te verkoop met geld wat Nero se kop gehad het. So is die eerste vergestalting van die antichris.

**Sluit af**

Kom ons vat saam. Die satan het twee diere. Die dier uit die see wat Jesus naboots, wat skrikwekkende mag het. En die dier uit die aarde het ook mag. En hierdie diere druk as ware die satan se slawe-merk op mense se voorkoppe, met ander woorde hulle denke, en op hulle hande wat simbool is van hulle dade.

Dus, ons weet wie is in satan se mag.

Die goeie nuus is dat ons is gemerk deur die Here Jesus en ons hoef nie te skrik vir hierdie merke nie.

**Amen**